## Selfbeskouing van Hebram en Risa

**31** Risa grif dit diep in sy hart en gaan na sy metgeselle, wat hom oorlaai met gelukwensinge. Hy spreek hulle egter toe en deel hulle woord vir woord mee wat hy van RafaEl gehoor het.

[2] Aan die einde sê Hebram vir hom: "Dit is `n uitstekende toespraak, wat van Elohim afkomstig blyk te wees. Maar daar is wel iets daarop aan te merk, nie soseer op die toespraak self nie, maar dan wel op hom wat dit hou. Die toespraak bevat baie gedenkwaardige, ware woorde, wat in goeie opeenvolging na mekaar gesê word, maar die spreker het daarmee egter die woord vir die daad laat gaan! Desondanks is ek wel daarmee eens, want elke goeie daad moet tog altyd voorafgegaan word deur `n goeie leer, omdat hy wat handel andersins onmoontlik die een of ander rigting sal kan kry vir sy doen en late.

[3] Maar in die kern van die saak het RafaEl tog gelyk, want die mens weet al gou voldoende om te bepaal wat goed en reg is. Eenvoudige wette sê dit vir hom! As sy wil maar goed is, bly die regte handeling nie agterweë nie. Maar die kennis alleen skyn vir my tog `n te geringe beweegrede vir die goeie handeling te wees, veral by mense wat baie op die materiële gerig is, wat hulle maar al te maklik deur `n onbeduidende materiële voordeel aan die neus laat rondlei en tot bose handelinge verlei word. Daarom is dit nodig om die beginleer so ver uit te brei dat die leerlinge deur helder, oortuigende en onomstootlike bewyse motiewe kry om die goeie te doen. Tewens moet dit die leerlinge bykans net so onmoontlik voorkom om daarteen te sondig, as om sonder `n skip die see te wil oorsteek.

[4] As `n mens dít eenmaal by `n leerling bereik het, is die egte goeie handeling `n oop eenvoudige saak. Maar sonder die daarby gegewe oortuigende en korrek geblykte beweegrede sal dit altyd `n probleem bly. Mense sien die goeie daarvan wel in, maar omdat die handel daarvolgens hom baie moeilikhede en selfverloëning met homself sal meebring, leef mense `n gemaklike lewetjie in volkome luiheid en noodlottige selfsug, en die talle en goeddoen laat mense vir wat dit is. Mense volg onbekommerd hulle dierlike luste en is na dertig jaar nog dieselfde dierlike mens wat hy eintlik al in die wieg was. Daarom hoort volgens my beskeie mening by die leer van die goeddoen, ook die hierbo aangegewe bewyse, en dit vereis baie meer as om maar net te sê: 'Dit en dat moet jy doen omdat dit goed is, en dit en dat moet jy laat staan omdat dit sleg en boos is!'"

[5] Risa sê: "Jy het heeltemal gelyk. Uit die aard van die saak sê jy tog niks anders as wat RafaEl ook al baie duidelik uitgelê het nie, naamlik dat slegs diegene moet lesgee en praat wat deur die Meester geestelik daartoe geroep is. So `n leraar sal sy leerlinge by die leer wel die nodige bewyse lewer en hulle daardeur tot handeling aanspoor, soos wat die toespraak van die engel ook vir my onverbiddelik tot handeling aangespoor het. As ons altwee egter nou as leraars sou optree, sal ons sekerlik baie onsin uitkraam, en wanneer daar dan `n skerpsinnige en goed van die tongriem gesnede spreker sou kom en met ons sou begin te argumenteer, sou hy ons ten slotte in die war bring, en miskien dans ons ten laaste nog na sy pype! As ons egter goed handel, dan kan hy met alle verstandelike beredeneringe ter wêreld niks daarteen inbring nie. Daarom is vir baie die doen beter as die lesgee. - Is dit nog nie vir jou heeltemal duidelik nie?"

[6] Hebram sê: "O ja, nou gewis en vroeër ook al, en so is dit goed! Hoe is die mens tog vreemd - dit merk ek aan myself! Dink jou eers in: 'Hoe vind ons, wat tog dikwels genoeg die Skrif gelees en bestudeer het, al die wonderbaarlike vertellings, gebeurtenisse en hier en daar aangetroffe lesse onverstaanbaar verhewe, en hoe boesem dit nie `n grote, diepe eerbied vir ons in nie! Oor die hier en daar beskrewe, werkende Gees van Elohim durf ons uit blinde, groot eerbied uiteindelik nie meer te praat nie! As ons iets lees oor `n verskene engel, sny dit deur murg en been! Moses was so groot vir ons, dat byna alle berge hulle voor sy naam skyn te gebuig het!

[7] Nou staan ons hier voor dieselfde Elohim wat donderend op Sinai Sy wette gegee het! Dieselfde engel wat die jong Tobias begelei het, bevind hom te midde van ons as `n heel gewone mens en leer ons met vriendelike woorde die wil van die Meester beter ken! Daarby gebeur daar nog onophoudelik die ongelooflikste wonders - maar vir ons kom dit alles al so normaal voor, asof ons al van kindsbeen af daarmee sou grootgeword het! Sê my eers wat die rede daarvoor kan wees!

[8] Van pure verbasing en aanbidding sou ons nou so `n bietjie uit ons vel moes spring - maar in plaas daarvan is ons al so bot soos `n verroeste swaard van `n ou soldaat! Waarom gebeur dit, wat is die rede daarvoor? As ek daaraan dink, kan ek van ergernis die kop van my lyf afskeur!"

[9] Risa sê: "Bekommer jou nie daaroor nie, vriend! Die Meester sou dit so wou gehad het; want as ons steeds in alle toestande sou wees, sou baie ons ontgaan het wat hier plaasvind en gesê word. Die Meester weet egter hoe Hy ons gemoedere binne perke moet hou en daarom kan ons alles wat hier gebeur en in ons teenwoordigheid gesê word - ook al is die aard daarvan hóé onverstaanbaar en verhewe - heel koelkop aankyk en aanhoor en dit ook des te dieper in ons siele inprent. As dit alles verby sal wees, sal dit ons harte beslis reusagtig in beroering bring! O, dit sal nie wegbly nie! Maar vir nou is dit beslis baie beter so! - Het jy miskien `n ander mening daaroor?"

[10] Hebram sê: "Gladnie - jou mening is weer volkome korrek en dit is gewis seker dat dit so is! Maar dit is tog ook nie sleg om jouself daarvoor te berispe dat jy jou by hierdie unieke, buitengewone gewyde geleentheid maar nouliks en veels te onstigtelik voel, terwyl die gelese besondere dinge van eertyds jou juis so diep gegryp en dikwels in verrukking gebring het. As hierdie geestelike vervlakking slegs by ons sou lê, sou ek dit as `n groot en uiters growwe lewensonde moet sien. As egter volgens jou mening die Meester deur Sy almagtige wil in ons alles so reël, moet ons Hom daarvoor dankbaar wees en alles wat Hy sê en doen des te ernstiger en dieper in onsself oorweeg, en goed daaroor nadink hoe ons Sy woord volledig in praktyk kan bring. Maar dat Zinka so `n groot gees is - hy was en is tog slegs `n opperdienaar van Herodus! - is vir my `n raaisel! Waar het hy dan sy meerdere wysheid opgedoen en hom die talle ervaringe eie gemaak?"

[11] Risa sê: "Dit sou ek nie weet nie, maar so `n hoë meester soos Herodus sou sy dienaar sekerlik deur en deur getoets het alvorens hy hom tot eerste en hoogste van sy dienaars benoem het. Bowendien was Zinka volgens eie getuienis `n spesiale vriend van die profeet Johannes en het

hy beslis baie van hom gehoor wat ook van groot lewensbelang is, en daarom is dit nie so verbasend dat hy wyser is as één van ons nie. Hy sal egter oor nog iets `n toespraak hou, waaroor ek baie benoud is. - Maar nou lyk dit of die Meester iets te wil sê, laat ons daarom stil wees, want uit ons gepraat kom tog nie so veel verstandig te voorskyn nie!"

## `n Gebeurtenis uit JaHshua se jongelingsjare

**32** Tydens die gesprek tussen die twee gee Ek altwee die meisies wat tot lewe gewek is, die geleentheid om My as die Een te leer ken wat etlike maande gelede ook in Kapernaum `n paar dooies opgewek het. Beide herken My weldra as sodanig en hulle ken ook vir Mirjam en die ander uit die huis van Josef. Gamiëla vertel ook dat sy haar nog baie goed kan herinner dat die ou meestertimmerman, Josef, met sy ses seuns by hulle pleegvader in Kapernaum `n hele nuwe skaapstal gebou het. Sy herinner haar nog dat sy My Self as jongste van die seuns van Josef by die werk gesien het. Destyds het sy natuurlik nie vermoed dat die Gees van die Allerhoogste in My verborge gelê het nie.

[2] Maar Ida sê daarop: "Tog wel, liewe suster! Op die laaste aand, toe die gebou gereed was en ons pleegvader die ou Josef vir die werk moes betaal maar op sy koopmansmanier etlike silwerstukke daarvan afgetrek het, gaan hierdie gewyde na die koopman toe en sê: 'Doen dit nie, want dit sal u geen seën bring nie! U is weliswaar `n heiden, maar u glo aan die Elohim van die Judeërs. En weet, hierdie magtige Elohim woon in My hart en as Ek Hom vra, gee Hy My dit wat ek gevra het! Hy woon ook in die hart van almal wat regverdig voor Hom is, en verhoor graag hulle gebede. As u hardvogtig sou wees teenoor Josef, wat swaar werk by u moes verrig, dan sal Ek My Elohim en Vader vra om u dit te vergeld en u sal daarvoor weldra baie sleg beloon word! Bedink dat dit nie goed is om diegene te beledig waarmee Elohim één is nie!' Maar my pleegvader het geen ore daarvoor gehad nie, en het vasgehou aan sy korting. Die ou timmerman sê egter: 'Luister, ek is eerlik en sê dit eerlik vir u: Die paar silwerstukke maak juis my hele wins uit vir hierdie swaar werk en daarmee sou ek my huishuur kon betaal het! Maar omdat u, `n ryk mens, soveel waarde daaraan heg, mag u dit hou, u behou dit egter onregmatig en dit kan nooit goed wees nie!'

[3] Ek, Ida, huil egter van verontwaardiging oor die verstokte hardheid van my vader. Ek gaan na my kamer toe en gaan haal al my spaargeld uit en Gamiëla doen daarna dieselfde en ons stop heimlik so ongeveer honderd silwerstukke in die ou Josef se gereedskapsmandjie. Niemand het dit gemerk nie, behalwe U, o Meester! En U sê toe: 'Maar julle twee meisies sal eendag ryklik vergeld word vir die goeie wat julle nou aan ons bewys het!' Met hierdie woorde het U verheerlik daar uitgesien. Toe staan julle op en verlaat ons huis. Dit was laat in die aand en julle het te voet nog etlike ure om na Násaret te gaan. Ek sê toe vir U: 'Wil U nie vannag liewer hier bly in plaas van om op die onveilige, ver pad te gaan nie, veral noudat die nag so duister is omdat dik onweerswolke die hemel bedek en daar ook onweer op pad is?' Toe sê U iets wat ek nooit vergeet het nie: 'Wie die dag gemaak het, beheers dit, en wie die nag gemaak het, beheers dit ook, daarom het die Meester van dag en nag nóg die dag nóg die nag te vrese! Ook die onweer val onder die mag van dieselfde Meester, wat die wêreld nie ken nie. Nóg die nag, nóg die onweer sal ons skade kan berokken! Vaarwel, engeltjies!' Toe verlaat julle ons huis en die hemel mag dit weet - julle was skaars oor die drumpel of daar was al geen spoor meer van julle te vinde nie!

[4] O, ek het dikwels gedink aan U, o Meester, maar daarna kon ek U tot nou toe nêrens weer ontmoet nie! Maar U woorde met betrekking tot ons pleegvader het in dieselfde nag nog op verskriklike wyse uitgekom! Daar het `n ontsettende onweer opgekom, die weerlig het driemaal in die nuwe skaapstal geslaan, waarin reeds op die dag van voltooiing sewentienhonderd pragtige skape hulle bevind het. Alles verbrand binne `n paar uur en ondanks alle moeite kon daar niks gered word nie! Toe betreur ons pleegvader dit dat hy die troue timmerman so `n onreg aangedoen het, want hy sê self: 'Hierdie straf word my van bo opgelê omdat ek dit verdien het. Ek sal nooit weer in my huis `n getroue arbeider ook maar `n stater (silwerstuk) van die welverdiende, aangenome som terughou nie!' Hy hou ook sy woord. Die stal het hy ewenwel nie weer op dieselfde plek laat opbou nie, maar op `n ander plek het hy `n stuk grond van honderd morg stewig laat omhein en daarop net `n hut gebou vir tien herders en skaapwagters. Die ou timmerman uit Násaret het ons nooit meer terug gesien nie. Hy moes baie gou daarna gesterf het, want hy het destyds al baie swak daar uitgesien.

[5] Ongeveer `n halfjaar daarna kom ons op die groot mark van Násaret aan en doen ons uiterste bes om iets oor die ou timmerman en sy seuns te wete te kom, maar die mense sê dat iemand hulle ver weg ontbied het om `n aantal huise te gaan bou, en ons gaan dus onverrigter sake weer na Kapernaum toe terug. Daarna het ons egter niks meer van die timmermansfamilie gehoor nie. Ons pleegvader moes op `n keer, ongeveer drie jaar later, agtergekom het dat Josef vir `n groot werk na Hoognasaret moes gegaan het, wat in die rigting van Samaria in die gebergte gelê het. Ons het egter niemand van sy familie meer te siene gekry nie! En tog sou ek met die jong timmerman, wat na my wete JaHshua geheet het, so baie graag nader kennis wou gemaak het!

[6] Maar · wat ons toentertyd nie meer vergun was nie, dit het U, o Meester, wonderbaarlik tot nou toe vir ons bewaar! Nou eers het daar ook vir ons `n lig opgegaan oor die woorde wat so geheimsinnig deur U gespreek was op die aand waarop julle in die stikdonker nag ons huis verlaat het! Nou weet ons wie die Meester van die dag, van die nag en van die onweer was en is! Maar nou bring ons U nog eenmaal met hart en mond ons dank vir al die onnoemlike barmhartigheidsgawes en weldade wat U, o liefste Meester JaHshua, ons sonder enige verdienste van ons kant af bewys het!"

[7] Ek sê: "O, so heeltemal sonder verdienste is julle volstrek nie. Dink maar eers aan wat julle vir ou Josef gedoen het! Hoe baie goed het julle honderd silwerstukke hom te pas gekom, toe hy dit die volgende môre in sy gereedskapsmandjie gevind het! Hy dag eers dat julle pleegvader dit heimlik gedoen het, maar Ek het hom baie gou uit sy droom gehelp. Hy het julle goeie harte baie geprys en Ek het hom belowe dat Ek Self die goedheid veelvoudig aan julle sou vergeld. Daarom doen dit My baie genoeë om julle nou die lewe en julle ware ouers terug te gee. Gaan nou veral na hom toe en maak hom bly, want sy vreugde is ook My vreugde!"

[8] Toe gaan die meisies na Cyrenius toe en omarm hom, en van vreugde huil hy soos `n kind.